higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N340**(A)**(J10)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGBETUUR N6

(4110396)

10 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGBETUUR N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae deeglik deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die opvoedkundige versorger ('educarer') se werkskema ...

A hou rekord van kinders se allergieë.
B hou rekord van elke aspek van die kind se totale ontwikkeling.
C kan 'n lys aktiwiteite en doelwitte vir kinders se leerervarings insluit en teken die proses en die instruksiemetode aan.

1.2 Spykerlêers, konsertinalêers en bruinpapierlêers ...

A liasseringsmetodes
B liasseertoerusting
C vereistes vir liassering

1.3 Finansiële bystand gelewer aan geregistreerde welsynsorganisasies om hulle aan te moedig om die instelling te vestig en in stand te hou is 'n ...

A begroting.
B skenking.
C subsidie.

1.4 'n Kworum verwys na ...

A die minimum aantal persone wat nodig is om die vergadering behoorlik te konstitueer.
B wanneer 'n vergadering ongeldig verklaar word omdat onvoldoende kennis van die vergadering gegee is.
C die voorsitter wat 'n groot aantal verskillende take kan verrig.

1.5 'n Organisasie het 'n struktuur en take wat in die ... beskryf word.

A Grondwet
B Skolewet
C Kindersorgwet 74 van 1983

1.6 Tydrowers is mense wat ...

A spanspelers is.
B tyd vermors.
C tydbestuur gebruik.

Kopiereg voorbehou

1.7 ... kan gedefinieer word as die sistematiese evaluasie van 'n individu ten opsigte van sy of haar prestasie in die pos en sy of haar potensiaal vir ontwikkeling.

A Kommunikasievaardighede
B Organisasie-opleiding
C Formele prestasie-evaluasie

1.8 Die tydperk waartydens 'n nuwe werknemer noukeurig geëvalueer word, word 'n ... genoem.

A onderhoud
B proeftydperk
C aanstelling

1.9 Die verhouding van kindersorgwerkers tot kinders in die 3–5 jaar groep is …

A 1 toesighouer vir elke 25 kinders.
B 1 toesighouer vir elke 15 kinders.
C 1 toesighouer vir elke 20 kinders.

1.10 Tot watter skema hoef die werknemer nie om vir werknemers te voorsien nie?

A Werkloosheidsversekeringsfonds
B Pensioenfonds
C Inkomstebelasting – PAYE

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Kook groente vir die kortste moontlike tydperk in so min water as moontlik.

2.2 Verwyder alle sigbare vet van vleis voor dit gekook word.

2.3 Vervang koeldranke met onversoete vrugtesap, melk of water.

2.4 Demp die klank van messeware en breekgoed

2.5 'n Lys met geregte en bygeregte wat in spesifieke volgorde tydens 'n maaltyd bedien word

2.6 'n Kind kan 'n klein hoeveelheid van die aanstootlike ('offending') voedsel eet.

2.7 'n Mediese toestand waar die inname van verfynde suiker en koolhidrate beperk moet word.

2.8 Hierdie siekte word veroorsaak deur 'n gebrek aan vitamien D in die dieet.

2.9 Dit is 'n reeks spyskaarte wat saamgestel, neergeskryf en afwisselend gebruik word.

2.10 Simptome van hierdie siekte is dat kinders erg ondergewig is, gesonke oë en wange het en hul groei word belemmer.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Onthou kinders is honger en kan nie wag totdat hul kos afgekoel het nie. Skep 'n groot porsie dadelik uit om af te koel.

3.2 Koop vrugte in seisoen aangesien hulle dan goedkoper is.

3.3 Laat kinders toe om beurte te maak om te help om die tafel vir etenstyd te dek.

3.4 Dit is 'n goeie idee om 'n troeteldier by die sentrum aan te hou. Mens kan die troeteldier in die kombuis aanhou.

3.5 Kinders moet plastiekmesseware gebruik en die grootte moet in hulle monde pas.

3.6 'n Toesighouer moet die voedsel uit die stoorkamer neem of toesig daaroor hou.

3.7 Lewer het 'n hoë ysterinhoud en is veral goed vir kinders met anemie.

3.8 SOMOS word gemaak van sojabone en is in verskillende geure beskikbaar.

3.9 Algemene voorraadopname moet minstens een maal per maand plaasvind.

3.10 Die educarer moet rekord hou van en aan ouers verslag doen oor enige verandering in 'n kind se eetgewoontes.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item of woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Bona fides	A	registrasie en klassifikasie van kinderhuise en plekke van versorging 'places of care'
4.2	Vergoeding vir beroepsbesering	B	geen stemreg
4.3	Heimlich maneuver (Eerstehulp)	C	handel oor die voorkoming van die mishandeling en onregmatige verwydering van kinders
4.4	Wet op Kindersorg 74 van 1983, Hoofstuk 5	D	dit maak dat ons dinge wil doen
4.5	'Ex officio'-lede	E	om hartklop te herstel
4.6	Gevolgmagtigde	F	stel 'n persoon in staat om aktiwiteite aan te4 voor
4.7	Hartmassering	G	verpligtend by wet
4.8	'Leading'	H	toestemming om namens 'n ander lid te stem
4.9	Motiveer	I	die versekerde moet sorg dat al deie inligting wat verskaf word waar is
4.10	Wet op Kindersorg 74 van 1983, Hoofstuk 8	J	om 'n obstruksie in die lugpyp los te wikkel

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Kinders het 'n gesonde, gebalanseerde dieet nodig om normaal te ontwikkel en dit is noodsaaklik dat die educarer die dieetkundige behoeftes van jong kinders verstaan.

Identifiseer VYF faktore wat mens in gedagte moet hou by die beplanning van 'n spyskaart by die sentrum. (5)

5.2 Die spyskaart moet vooraf opgestel word, en die educarer moet sorg dat daar 'n spyskaartplan is wat 3–5 weke dek en dat dit dan afgewissel word.

Identifiseer DRIE voordele van 'n spyskaartsiklus. (3)

5.3 Bespreek die bediening van maaltye aan kinders van 3–5 jaar. (6)

5.4 Sindelikheid is van die uiterste belang.

Bespreek TIEN algemene sindelikheidsfaktore vir die voedselbedieningsarea. (10)

5.5 Identifiseer VYF kenmerke van 'n doeltreffende boekhoustelsel. (5)

5.6 Identifiseer DRIE voordele van 'n spaarrekening. (3)

5.7 Bespreek DRIE voordele van 'n tjekrekening. (3)

5.8 Wat is die VIER basiese stappe wat gevolg moet word om die begroting te kontroleer ('control')? (4)

5.9 Identifiseer VIER voordele van werwing deur die internebronnestelsel ('internal source system') te gebruik. (4)

5.10 Identifiseer DIRE voordele wat uit die WVF betaal kan word. (3)

5.11 Noem VIER fondsinsamelingsidees. (4)
[50]

VRAAG 6

6.1 Bespreek die doel van 'n posbeskrywing. (3)

6.2 Pensioenskemas het verskeie voordele.

Bespreek DRIE voordele van 'n pensioenskema. (3)

6.3 Verduidelik die volgende bestuursfunksies:

6.3.1 Beplanning

6.3.2 Organisasie

6.3.3 Leiding

Kopiereg voorbehou

6.3.4 Koördinering

6.3.5 Beheer/Kontrole

6.3.6 Motivering

6.3.7 Kommunikasie

6.3.8 Implementering

(8 × 2) (16)

6.4 Identifiseer DRIE voordele van goeie tydbestuur. (3)

6.5 Identifiseer DRIE tydrowende aktiwiteite. (3)

6.6 Identifiseer DRIE negatiewe uitwerkings van stres. (3)

6.7 Watter faktore kan ons beheer ten einde stresvlakke te verlaag? (5)

6.8 Bespreek hoe jy konflik sal hanteer. (7 × 2) (14)

[50]

VRAAG 7

7.1 Die kombuis is die gevaarlikste vertrek in die sentrum.

Identifiseer SEWE riglyne om 'n veilige kombuis in stand te hou. (7)

7.2 Dit is wonderlike om 'n pragtige tuin te hê, maar mens moet die nodige voorsorgmaatreëls tref om plantvergiftiging te voorkom.

Noem VYF voorsorgmaatreëls wat jy moet tref om plantvergiftiging te voorkom. (5)

7.3 Dit is belangrik dat speelgoed skoon en higiënies is.

Identifiseer VYF riglyne om te verseker dat speelgoed skoon gehou word. (5)

7.4 Watter prosedure sal jy volg om 'n siek kind in jou sorg te versorg? (10)

7.5 Noem VYF items wat jy in die rampkas ('disaster cupboard') sal aantref. (5)

7.6 Dagsorgpersoneel moet toegerus word om noodsituasies te hanteer.

Bespreek hoe dagsorgpersoneel oorstromings moet hanteer. (7)

7.7 Jou kinders by die KKO-sentrum is gereed om toiletgewoontes aan te leer.

Wat is die belangrike faktore wat die educarer moet oorweeg by die aanleer van toiletgewoontes? (4)

Kopiereg voorbehou

7.8 Motorongelukke is 'n bedreiging vir kinders se veiligheid.

Identifiseer VIER voorkomende maatreëls wat kinders teen motorongelukke kan beskerm. (4)

7.9 Noem DRIE simptome van 'n kind wat aan skok ly. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou